



Foto: Arshad Sutar from Pexels

*Op pad van Stellenbosch na Strand in die oggend spitsverkeer, vang my oog 'n beweging in die tru-spieëltjie toe die verkeer tot stilstand kom. Die bestuurder agter my besig om iets uit 'n spierwit koppie (soos die foto bo) te drink, sy duim en wysvinger netjies om die koppie se oor gevou. Dit is net hy in die motor... en sy oorfone en dié koppie. Ek kyk weer om seker te maak dat ek reg sien... 'n man met 'n koppie in sy hand agter die stuurwiel in spitsverkeer. Nie 'n gesig wat jy elke dag sien nie.*

*Meeste mense gooi warm koffie en tee in 'n fles of koop 'n wegneem-koffie met 'n deksel. Dié man doen dit egter in styl. Met sy vingers om die koppie se oor, laat hy spitsverkeer maklik lyk. Lekker. Snoesig. Rustig. Voorbereid. Dalk sy oasis in die spitsverkeer? En die oorfone, wat luister hy?*

*Hy het plan gemaak om die daaglikse spitsverkeer hindernis in sy lewe positief met 'n koppie koffie (of tee) én oorfone te hanteer. Hy is in beheer.*

*Wanneer die spitsverkeer in ons lewe ons tot stilstand dwing, weet dat God in beheer is. Hy is die kalmte en rustigheid (die spierwit koppie koffie - geloof) en die woord (oorfone).*

*Geniet vandag jou koppie tee/koffie.*

# KNIEWERK

## VOORBIDDING VIR:

- ♥ Ds. Petrie vir sy boodskap.
- ♥ Innige meegevoel met die familie van Aquila Schoeman wat Maandag oorlede is.
- ♥ Ons bid ook vir: Mense wat siek is. Siekes in die hospitaal. Mense wat wag vir mediese uitslae en ook die wat moet gaan vir mediese toetse. Ons bid ook vir die wat weet wat hul mediese uitslae is. Ons bid vir gesondheid en genesing.

## God se wonderwerk in ons lewe

Cielie Shaw skryf: Op Saterdag 4 Januarie het ek God se ingryping op so 'n radikale manier ervaar in die vorm van drie wonderwerke:

Ek het saam met my seun en sy gesin gaan piekniek hou by Disakloof. Op pad na die waterval, het ons deur die rivier geloop en ek het gegly op so 'n manier dat ek baie hard agteroor op my rug, op die klippe geval het. Die rugsak wat ek gedra het, het die val gekeer en ek het ongedeerd daarvan afgekom. Ek is nie meer jonk nie en ek glo dit was net genade van God dat ek niks oorgekom het nie - nie eers 'n bloukol nie.

My kleinseun, Phillip (19jr) het saam met sy ouers gaan kamp. Dieselfde dag, het hy gaan fietsry en sy voorwiel het 'n klip getrek en hy het baie hard, oor sy fiets se handvatse geval. Hy het baie stukkende plekke en beserings aan sy lyf opgedoen en was redelik in pyn. Ons was bekommerd oor infeksie omdat hulle weg van mediese dienste af was. Maar nieteenstaande, het hy niks gebreek nie en kon al die wonde redelik vinnig genees sonder enige komplikasie. Weereens genade as jy kyk na hoe dit kon uitgedraai het.

'n Paar uur na hierdie insident, het my dogter en haar man 'n oproep van 'n vreemdeling ontvang van hulle ander seun, Quinton (tweeling broer van Phillip), dat hy in 'n baie ernstige motor ongeluk was. Hy het 'n vakansie werk gehad by Le Bonheur plaas en was so 05h30 op pad van die werk af huis toe. By 'n draai op die R 44 het hy moontlik 'n "black out" of ingesluimer en beheer verloor van die voertuig. Met die terug-pluk van die voertuig het die wiel gebreek en hy in binne 'n "retaining" muur was. Iewers gedurende die ongeluk is hy deur die geslote syruit geslinger (ongeveer 80 meter).

Die ooggetuie wat dit sien gebeur het, was oortuig dat die persoon dit nie oorleef het nie en ook die ongelukstoneel het getuig van 'n groot wonderwerk. Die voertuig was totaal afgeskryf. Hy het dit alles oorleef met net 'n paar merke en snyplekke aan sy gesig. Geen ernstige beserings nie - ongemak maar geen pyn nie.

Ek moes net hierdie dag in ons lewens met julle deel sodat ek die Here kan loof en prys vir Sy onverdiende genade en beskerming. Ek is diep dankbaar.

## BERG 80 VERJAARSDAE

MAART 2020

*Ouderdom op lys is huidige ouderdom  
tensy verjaarsdag al verby is.*

Brand	Renske	82 03/01
Luyt	Norman	87 03/05
De Villiers	Retha	90 03/12
Dreyer	Elsabe	79 03/13
Huysamen	Flip	86 03/13
Kuhn	Chresna	85 03/13
Klue	Attie	79 03/16
Roets	Johanna	81 03/19
Burger	Sulene	80 03/25
Knoblauch	Susan	79 03/27
De Lange	Emmie	91 03/30



### LYNDANSKLASSE

Maandae tot Donderdae  
Lourensrivier Kerksaal, Jenningsstraat Strand

Tyd  
18:00 – 20:00 (klasse is een uur lank)

Kostes  
R50 per klas, spesiale tarief vir egpare.

Vir verdere inligting kontak:  
Iréne van Wyk by 073 195 6995.

As goeie bedienaars  
van die veelvoudige  
genade van God  
moet elkeen,  
namate hy 'n  
genadegawe  
ontvang het, die  
ander dien.

1 PETRUS 4:10



# HELEN

*DellWet-Krige*

BA SPRAAKHEELKUNDE  
EN OUDIOLOGIE

Sarel Cillierstraat 149, Strand, 7140

[www.helendewetkrige.co.za](http://www.helendewetkrige.co.za)  
[helendwk30@gmail.com](mailto:helendwk30@gmail.com)  
082 781 8391

Praktyk Nr 08200008203423  
HPCSA Reg. Nr STA0003727

# HELEN

*DellWet-Krige*

SPRAAK-TAALTERAPEUT  
EN OUDIOLOGOOG



## KONFERENSIE OOR DIE 2020 VERTALING VAN DIE BYBEL

Soos u reeds weet word die nuwe Bybelvertaling in November 2020 bekendgestel. Die Bybelgenootskap bied saam met Communitas 'n dagkonferensie aan wat handel oor die Bybelvertaling. Dit belooft om 'n baie interessante dag te wees. Ingesluit die temas en die sprekers. Die sprekers is meestal lede van die finale projekspan van die nuwe Afrikaanse vertaling. Dit is 'n unieke geleentheid wat aangegryp moet word. Dit is goed om goeie insig in Bybelvertaling en veral ook die nuwe vertaling te kan hê. Dit is 'n goeie geleentheid om al jou vrae oor die Bybelvertaling beantwoord te kry. Ons hoop om baie lidmate en predikante daar te sien.

### KONFERENSIE OOR DIE 2020-VERTALING VAN DIE Bybel COMMUNITAS 30 April 2020

TYD	SPREKER	ONDERWERP
09:00 – 09:30		<b>REGISTRASIE</b>
09:30 – 10:00	Bernard Combrink	Aanleiding tot en proses van die vertaling
10:00 – 10:40	Christo van der Merwe	Wat maak die 2020-vertaling so anders as die bestaande vertaling?
10:40 – 11:20	Jackie Naudé	Hervertaling van die Bybel volgens komplekse denke: Die 2020-vertaling as voorbeeld
<b>11:20 – 11:30</b>	<b>TEE/KOFFIE</b>	<b>TEE/KOFFIE</b>
11:30 – 12:10	Herrie van Rooy	Bronteks vir die OT, verbind aan vrae oor tekstkritiek
12:10 – 12:50	Jorrie Jordaan	Bronteks vir die NT en verse "wat weggelaat is"
<b>12:50 – 13:30</b>	<b>ETE</b>	<b>ETE</b>
13:30 – 14:10	Andries Breytenbach	Die 2020-vertaling - 'n eerlike vertaling
14:10 – 14:50	Jan Barkhuizen	Klassifikasie van vertaalprobleme in die NT met illustrasies
14:50 – 15:30	Karen de Wet	Intravertaling en vondste in die vertaalproses
<b>15:30 – 15:40</b>	<b>TEE/KOFFIE</b>	<b>TEE/KOFFIE</b>
15:40 – 16:20	Heilna du Plooy	Aspekte van die vertaling van poësie in die Bybel
16:20 – 17:00	Ernst Kotzé	Interessante Afrikaanse taalkundige aspekte van die 2020-vertaling

# Dagkonferensie: Bybelvertaling

## 30 April

### Inskrywingsvorm Persoonlike Inligting

Van		Titel	
Noemnaam		Voorletters	
Tel (Werk)			
e-pos adres		Selnr.	
Gemeente			
Beroep		ID nr	

Allergieë/spesiale dieët	Vegetaries	Geen Gluten	Diabeet	Geen Suiwel	Ander:
--------------------------	------------	-------------	---------	-------------	--------

Bankbesonderhede	
Rekeningnaam:	Boekwinkel VBO
Bank:	Nedbank
Rek No.:	1135 900 310
Takno.:	123 209 of 123 209 00
Verwysing:	<b>Bybel plus Van BybelBotha</b>
Epos na:	bleibbrandt@sun.ac.za

Stuur asb jou inskrywingsvorm tesame met die betalingsbewys  
na Bridget by [bleibbrandt@sun.ac.za](mailto:bleibbrandt@sun.ac.za)

**Sperdatum vir Registrasies: 08 April**

**Fooi per module :**

NGK & VGK-PREDIKANTE WES-KAAP SUBSIDIEFOOI	R 200
LIDMATE/PREDIKANTE VAN ANDER SINODES	R 300

LW: Kursusse kan slegs plaasvind as daar 'n minimum van 10 inskrywings is. Communitas behou haar dus die reg voor om 'n kursus te kanselleer indien daar nie genoegsame inskrywings is nie. In sodanige geval sal die kursusgelde op krediet gehou word teen 'n ander kursus, of indien dit so verkies word, terugbetaal word. Communitas kan in 'n geval van kansellering nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige uitgawes wat aangegaan word t.o.v. vervoer en/of verblyf nie. Kursusgangers moet dus verifieer dat 'n kursus voortgaan voordat hulle sodanige besprekings doen en uitgawes aangaan.

LW: In geval van kansellering deur Kursusgangers NA DIE SPERDATUM word geen gelde terugbetaal nie.

**Eerste Sondag in Lydenstyd**  
**01-07 Maart 2020**

**Lees gerus hierdie week: Matt 4:1-11; Genesis 2:15-17; 3:1-7; Psalm 32; Romeine 5:12-19.**

Die gedeelte in Matteus handel oor die versoeking wat Jesus in die woestyn weerstaan het. Dit staan in kontras met die Genesis teks wat die verhaal vertel van die eerste mense wat geswig het voor die versoeking wat aan hulle gestel is. Die psalm is 'n belydenis van skuld en 'n dankbare aanvaarding van God se vergiffenis. In die teks in Romeine word die oortreding van die eerste mense en die gevolge daarvan gestel teenoor die gehoorsaamheid van Christus en die vrypraak wat daaruit voortvloei. (Uit: Preekstudies en Liturgiese voorstelle 2011)

**Tweede Sondag in Lydenstyd**  
**08-14 Maart 2020**

**Lees gerus hierdie week: Gen 12:1-4a; Ps 121; Matt 17:1-9; Rom 4:1-5, 13-17; Joh 3:1-17**

Die fokusteks is die gedeelte in Matteus. Dit handel oor Jesus se verheerliking op die berg waar Hy weer eens, soos met sy doop, deur God aangewys is as sy geliefde Seun. Die Genesis teks handel oor die roeping van Abraham om tot seën vir al die volke op aarde te wees. Die Psalm is 'n pelgrimslied waarin die gelowige pelgrim verseker word van God se bystand en beskerming op die reispad. Die teks uit Romeine sluit aan by die verhaal van Abraham en beskryf hom as die vader van almal wat glo soos hy geglo het. Die teks uit die Johannes evangelie vertel die verhaal van Nikodemus wat Jesus in die nag kom besoek het. Op soortgelyke wyse as in die fokusteks word Jesus beskryf as die enigste Seun van God. Wenk: Lees 'n gedeelte 'n paar keer deur en vra dan: Wat staan vir my uit? Dink en bid dan verder daaroor. Dit kan nog meer sinvol wees om dit saam met ander te doen!

**Derde Sondag in Lydenstyd**  
**15-21 Maart 2020**

**Lees gerus hierdie week: Joh 4:5-42; Eks 17:1-7; Ps 95; Romeine 5:1-11**

Die fokusteks handel oor Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou oor die water wat ewige lewe gee. Die Eksodus teks vertel die verhaal van die water uit die rots by Massa/Meriba tydens die woestynreis van die Israeliete. Die insident by Massa/Meriba kom weer aan die orde in die psalm, in die geval met spesifieke verwysing na die opstandigheid van die Israeliete. Die teks uit Romeine handel oor die vyandskap tussen God en mens wat deur Jesus se versoeningsdood uit die weg geruim is.

**Vierde Sondag in Lydenstyd**  
**22-28 Maart 2020**

**Lees gerus hierdie week: Joh 9:1-41; 1 Sam 16:1-3; Ps 23; Efes 5:8-14**

Let op na die gebruik van die beeld van die herder. In Johannes praat Jesus van Homself as die goeie herder wat na sy skape (volgelingen) omsien en selfs sy lewe vir hulle aflê. In die psalm is dit God wat as die herder beskryf word wat sy kudde liefdevol versorg en beskerm.

**Vyfde Sondag in Lydenstyd**  
**29 Maart – 4 April 2020**

**Lees gerus hierdie week: Joh 11:1-45; Eseg 37:1-14; Ps 130; Rom 8:6-11**

In die fokusteks wat handel oor die opwekking van Lasarus uit die dood, verwys Jesus na Homself as die opstanding en die lewe. Ook die Esegël teks handel oor lewe uit die dood aan die hand van die visioen van beendere wat tot lewe gewek word. Die psalm is die lied van gelowiges wat ten spyte van moeilike omstandighede steeds hulle vertrou op die Here stel. Die teks uit Romeine fokus op die verskil tussen 'n lewe wat deur die sondige natuur beheers word, en 'n lewe wat deur die Gees van God beheers word. Ook in dié gedeelte is daar sprake van die sterflike liggaam wat lewend gemaak word deur die werking van die Gees.

## Lofprysing in Gebaretaal

Die Nasionale Instituut vir Doves (NID) in Worcester het onlangs 'n reeks lofprysing- en aanbidding liedere in Gebaretaal uitgereik.

Die geestelike nood onder Doves en persone met gehoorverlies is kommerwekkend groot en word wêreldwyd gereken as een van die grootste geestelik onbereikte groepe. Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) is tans in die proses om tot die 12de amptelike landstaal verklaar te word.

Die uitreik van hierdie liedere in Gebaretaal sluit ook aan by die verskeie pogings en projekte wat deur NID geloods word om die horende gemeenskap meer bewus te maak en te sensitiseer rondom Gebaretaal en doofheid.

Deur God se Woord aan Doves te bring in hulle eie verstaanbare Gebaretaal, word hulle bemagtig om deel te wees van die bediening en om tot 'n dieper verhouding met God saam te lewe en op Hom te vertrou. Volg gerus die skakel (<https://bit.ly/2VY1fVc>) om toegang tot die reeks Afrikaanse en Engelse lofprysing- en aanbidding liedere in Gebaretaal te kry en deel dit asseblief met gemeentelede



### Saamreisgids vir Lydenstyd

Bybel-Media se *Vreesloos*-reeks bestaan uit 'n besprekingsgids, preekriglyne en video's vir Lydenstyd. Lesers staan stil by ses simbole – as, vas, krake, klippe, doringkroon en palms. Hierdie simbole sal ons help om die storie van ons eie vrese en swaarkry te vertel.

'n 6-weke-saamreisgids vir Lydenstyd

**OPSOMMING:** Lydenstyd is 'n tyd vir selfondersoek, skuldbelydenis, gebed en diens aan ander. Dit is 'n tyd om nog meer as gewoonlik die Woord van God te lees en te oordink.

*Vreesloos* staan in Lydenstyd stil by ses simbole – as, vas, krake, klippe, doringkroon en palms. Hierdie simbole sal ons help om die storie van ons eie vrese en swaarkry te vertel.

God het ons egter nie geskep en geroep om in vrees te leef nie, maar om elke dag te leef in die vertroue wat Hy aan ons skenk, om doelgerig in sy vrede te leef.

Uit Jesus se lyding leer ons hoe om ons lyding te hanteer sonder om moed te verloor, leer ons om vreesloos te leef.

*Vreesloos* bied aan jou:

6 gespreksbyeenkomste vir groepe  
6 preekriglyne, een vir elke week se tema  
6 video's, een vir elke byeenkoms

#### INHOUD

Week 1: As  
Week 2: Vas  
Week 3: Krake  
Week 4: Klippe  
Week 5: Doringkroon  
Week 6: Palms

#### UNIEKE VERKOOPPUNTE

'n Reeks spesiaal ontwikkel vir Lydenstyd  
Die reeks bestaan uit 2 boeke en 6 video's:  
'n gespreksgids vir die 6 groepbyeenkomste  
riglyne vir preke oor elke tema wat aangeraak word  
'n video vir elke byeenkoms.

#### TEIKENMARK

Leraars, gemeenteleiers en groepleiers  
Kleingroepe, selgroepe en omgegroepe  
Families en individue kan dit ook vir persoonlike stiltetyd gebruik

Bestel jou boek by <https://eshop.bybelmedia.org.za>